

Titel: Oos Wes tuis bes
Pastor: Fred May
Datum: 7 November 2010
Tyde: 09:00



A. Natuurlike & geestelike familie

Die Vader se hart

Efesiërs 3:14-15 OV

¹⁴ Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, ¹⁵ van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang

B: Saamleef met familie

Galasiërs 6:6-10 OV

⁶ Maar laat hom wat in die Woord onderwys ontvang, meedeel van alle goeie dinge aan hom wat onderwys gee. ⁷ Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. ⁸ Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai. ⁹ En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie. ¹⁰ Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof.

1: Gee en ontvang

Leer om die ewige te waardeer

Mattheus 6:21 NV

²¹ Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.

2: Ontwikkeling van uithou vermoë – die kapasiteit om groot druk te verduur

Hebreërs 10:35-36 NV

³⁵ Julle geloofsvertroue moet julle dus nie prysgee nie: dit hou groot beloning in. ³⁶ Volharding is wat julle nodig het om die wil van God te doen en te ontvang wat Hy belof het.

3: Rentmeesterskap van prioriteite – tiendes, offerandes, aalmoese

Mattheus 23:23 NV

²³ Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle gee tiendes van kruisement, anys en koljander, maar wat volgens die wet van God die swaarste weeg, laat julle na: geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid. Juis hierdie dinge moet 'n mens doen en die ander nie nalaat nie.

Spreuke 3:9-10

⁹ Vereer die HERE uit jou goed en uit die eerstelinge van al jou inkomste; ¹⁰ dan sal jou skure vol word van oorfloed en jou parskuipe oorloop van mos.

C: Hart van Dawid

Liefde vir die 'huis'

Psalm 84:2-4, 11-13 NV

² Hoe lief het ek u woning, Here, Almagtige! ³ Ek versmag van verlange na die tempel van die Here; met alles wat ek is, wil ek jubel oor die lewende God. ⁴ Selfs 'n mossie het 'n nes en 'n swaeltjie 'n plek vir haar kleintjies daar by u altare, Here, Almagtige, my Koning en my God!

¹¹ Waarlik, één dag in u tempel is beter as duisend daarbuite. Ek staan liever by die drumpel van die huis van my God as om te woon in huise sonder God. ¹² Die Here God is ons krag en ons beskerming, die Here gee genade en eer, Hy weerhou die goeie nie van dié wat reg lewe nie. ¹³ Here, Almagtige, dit gaan goed met die mens wat op U vertrou!

Liefde vir die familie – omhels elke dimensie

Filippense 2:1-2 NLV

¹ Julle is mos deur Christus bemoedig en deur sy liefde getroos! Julle het die onderlinge band beleef wat die Gees bewerk! Julle weet wat omgee en meeleving beteken! ² Maak my dan nou heeltemal bly deur eensgesind te wees – één in liefde, één in hart en één in doel.

II Samuel 7:27-29 NV

²⁷ Here, Almagtige, God van Israel, U het nadruklik vir u dienaar gesê: 'Ek sal vir jou 'n koningshuis vestig,' en daarom het u dienaar die vrymoedigheid gehad om hierdie gebed tot U te rig. ²⁸ En nou, Here, U is God. U Woorde sal bewaarheid word. U het hierdie goeie belofte aan u dienaar gemaak. ²⁹ Begin tog nou en seën die huis van u dienaar om vir altyd in u diens te wees! Here my God, U het gepraat en omdat U seën, is die koningshuis van u dienaar vir altyd geseën."